SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 29 MEI 2005

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS.

STIL SLEUTEL

Dit is met leedwese dat ons moet aankondig dat Bushy Roode, ZS6M, voorheen ZS6YQ, se sleutel op 23 Mei stil geraak het. Bushy het nooit sy bewussyn herwin na 'n beroerteaanval meer as 'n maand gelede nie. Bushy was 'n ywerige DXer en het verlede jaar sy roepsein verander en het gewerk vir nog 'n DXCC-sertifikaat as ZS6M. Hy was 'n getroue ondersteuner van die SARL en saam met sy bedroefde familie sal hy gemis word deur Sarlnuus en die luisteraars na sy gereelde herleidings van die SARL-bulletins op 3 695 kHz. Ons innige meegevoel gaan aan sy eggenote Maaike, hulle kinders en kleinkinders, ander familie en vriende.

(POUSE)

In die nuus vandag:

INTEGNET BESPREEK VANAAND WAT JOU NA AMATEURRADIO GELOK HET

RAE UITSLAE MARK SHUTTLEWORTH SAL OPTREE TYDENS JEUGDAG

TERUGVOERING OOR DIE WES-KAAPSE NOODKOMMUNIKASIEOEFENING

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems. Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675 2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

SARLnuus maak staat op nuusinsette van klubs en individue aangaande amateurradioaktiwiteite. Die enigste manier om te verseker dat U berigte Sarlnuus bereik is om dit in die korrekte plek op die webwerf van die SARL nl. www.sarl.org.za/newsinbox.asp te plaas nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Daar is geen waarborg dat U bydrae Sarlnuus sal bereik of in 'n bulletin ingesluit sal word indien dit op enige ander manier, of later as die Donderdag, ingestuur word nie. Indien moontlik doen dit asb. in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede.

INTEGNET BESPREEK VANAAND WAT JOU NA AMATEURRADIO GELOK HET

Integnet sal vanaand op die lug wees en die bespreking sal gaan oor wat jou na amateurradio gelok het. Sluit by ons aan in 'n dinkskrum en begin deur die vrae te vra "waarom het ek in amateurradio betrokke geraak?" en "wat sal die jongmense van vandag daarheen lok"? Indien jy jongmense in jou klub het, nooi hulle uit om aan te sluit.

Die Presidentsnet begin om 19:00 en Integnet volg onmiddelik daarna om 20:00.

Klubs word uitgenooi om hulle herhalers aan die netwerk te koppel. Stuur besonderhede van die herhalerdekking sowel as die telefoonnommer wat aan die net gekoppel moet word aan armi@sarl.org.za voor 12:00 vandag Sondag 29 Mei. Ongelukkig kan selfone of Telkom se voorafbetaaltelefone nie gekoppel word nie.

RAE UITSLAE Die uitslae van die Mei 2005 RAE is reeds vanaf Woensdag op die webblad van die SARL beskikbaar. 'n Uitslagbrief wat die volle besonderhede bevat, sal eersdaags aan alle kandidate gepos word. Kandidate aan wie 'n roepsein toegeken is, word daarop gewys dat die SARL 'n ooreenkoms met OKOSA het, wat daarop neerkom dat u u roepsein onmiddellik mag gebruik.

Die eksamen het 'n slaagsyfer van 86% opgelewer.

Baie geluk aan Mnr I H N Gibson van Cresta wat die hoogste punte in hierdie eksamen behaal het. Hy het 'n gemiddelde slaagsyfer van 91% behaal en spog reeds met die roepsein ZR6IFS.

Die jongste kandidaat om dié eksamen te slaag, is die 9 jarige Elandré van der Walt van Bloemfontein met sy 11 jarige broer Luan die 2de jongste kandidaat om dié eksamen te slaag. Beide van hulle gaan egter eers die 12 w.p.m. morsekodetoets slaag en dan aansoek doen vir roepseine. SARLnuus verneem dat hulle baie trotse pa, Bernie, ZS4TX, reeds reelings tref vir die aanskaf van nuwe radios!

Die SARL wil graag alle toesighouers en eksamensentrums bedank vir hulle samewerking om die eksamen glad te laat verloop.

Die volgende RAE sal D.V. op Donderdag 17 November 2005 plaasvind.

KAAPSE AKADEMIESTUDENTE SUKSESVOL IN RAE

Die Kaapstadse Amateurradiosentrum het 'n ontwikkelingsinisiatief gehou om studente en 'n onderwyser van die Akademie van Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie vir die radioamateurseksamen voor te berei. Die Kaapse akademie is 'n skool wat voorheen benadeelde gemeenskappe in die Weskaap bedien. Dertien studente en 'n onderwyser het die eksamen op 19 Mei geskryf. Die onderwyser en al die studente, behalwe drie, het die eksamen geslaag.

Die kursussameroeper, Andrew, ZS1AN, het gesê dat hy gelukkig is met die resultaat en hoop dat die drie leerlinge wat nie geslaag het nie, die eksamen in November sal skryf. Hy hoop om 'n amateurradioklub by die skool te stig

met operasionele HF- en BHF-stasies. Die skool het ingestem om 'n kamer te voorsien vir die klubhuis en spasie vir die oprigting van antennas. Andrew doen 'n beroep vir donasies van enige tweedehandse apparaat, verkieslik in werkende toestand, om te help om die amateurradiostasie by die skool te vestig.

Enigeen wat 'n donasie wil maak of toerusting wil borg word gevra om met Andrew, ZS1AN, by telefoon 083 462 8309 of per e-pos by adres zs1an@qsl.net in aanraking te kom. Alle donasies sal hoog op prys gestel en met dank erken word.

MARK SHUTTLEWORTH SAL OPTREE TYDENS JEUGDAG

Suid-frika se eerste en enigste ruimtevaarder, Mark Shuttleworth, sal via amateurradio op 16 Junie, as deel van die SARL Jeugdaggebeurtenisse, met die jongmense praat. Die SA Amateurradiotrust borg 'n Integnettipe gebeurtenis met Mark Shuttleworth as gas. Mark sal vanuit sy Londense kantoor aan die netwerk aansluit. 'n Prominente sportikoon is ook uitgenooi om deel te neem. Die netwerk sal vanaf 10:00 tot 12;00 in aksie wees met Mark se deelname gedurende die 11:00 tot 12:00 tydgleuf.

Klubs word uitgenooi om hulle herhalers aan die konferensienet te koppel. Stuur u versoek met vermelding van herhalerbesonderhede soos frekwensie en dekking sowel as die telefoonnommer wat gekoppel moet word per e-pos aan armi@sarl.org.za. Ongelukkig kan selfone of Telkom se voorafbetaaltelefone nie gekoppel word nie.

Alle versoeke moet teen 3 Junie ontvang wees ten einde te verseker dat u besonderhede op die web en in nuusvrystellings ingesluit sal wees.

Klubs wat stasies in publieke areas soos inkopiesentrums wil opstel, kan registreer deur hul e-posadres en besonderhede van waar hulle die stasie gaan bedryf stuur aan armi.sarl.org ten einde te verseker dat hulle nuus aangaande die aktiwiteit ontvang en ingesluit word in publisiteit in die media.

KOMMUNIKASIE MET KLUBS

Van Henry Chamberlain, ZS1AAZ, Sekretaris van die SARL.

Tydens die AJV van die SARL op 9 April het die president van die SARL 'n struktuur voorgestel waar vrywilligers uit die verskillende afdelings raadslede van die Liga ondersteun in hulle portefeuljes. Dit sal mense wees met 'n sterk belangstelling in verskillende aspekte van amateurradio wat inpas in die portefeulje van een of meer raadslede.

Om kommunikasie tussen raadslede en amateurs in die algemeen te vergemaklik, het Richard, ZS2CLI, nuwe programmatuur op die SARL se webblad geïnstalleer. Dit vergemaklik ook kommunikasie tussen amateurs in die algemeen.

Om te sien hoe dit werk, gaan kyk by www.sarl.org.za en klik op Forums. U sal opmerk dat die Forum in kategorieë opgedeel is wat inpas by die raadslede se portefeuljes. Onderwerpe soos antennas, herhalers, tegniese dinge en torings,

en nog veel meer, word daar bespreek. Daar is nie meer die ongewensde tipe kommunikasie wat ons in die ou Forum gehad het nie en is 'n plesier om te gebruik.

Die president van die SARL het onlangs 'n telefoonkonferensie met voorsitters van klubs gehad waarvoor ek 'n e-posadreslys moes saamstel. Ek het gebruik gemaak van die klubadreslys op die SARL se webblad, en uitgevind dat sommige klubs se data tot vyf jaar oud is, en sommige van hierdie klubs kon ek dan ook nie kontak nie. As u klub se data nie korrek is nie, geliewe dit op datum te kry sodat ons kontak met u kan behou.

Dit spyt my dat ons nog geen nuus het vir u oor die aanstelling van 'n Nasionale Liggaam vir amateurradio nie. Ek sien op TV-nuus dat die minister van kommunikasie besig is om naburige lande te besoek in 'n poging om kommunikasiewette eenvormig te kry, seker 'n groot taak wat haar sal besig hou.

SARL SE IARU-FONDS KOM NADER AAN DIE R13 000 DOELWIT

Die SARL se IARU-fonds het hierdie week op R11 936 te staan gekom. Baie dankie aan die Kaapstad Amateurradiosentrum vir hulle R500 bydrae en aan F M Brown, ZS5ACT, en Frans Oeschger, ZR1FJO, vir hulle bydraes. Julle ondersteuning word baie hoog waardeer.

'n Volledige lys van alle bydraes kan besigtig word by www.amateurradio.org.za, die webwerf van die SA Amateurradioontwikkelingstrust.

24 GHz REKORD

Op 26 Mei om 10:55 RSA-tyd, het ZS6AXT en ZS6JON/p kontak gemaak op die 24 GHz band oor 'n afstand van 50,4 km wat 'n nuwe RSA-rekord is. Die vorige rekord was 45 km. Seinrapporte was 599 op gelykgolf en 59 op ESB.

Toerusting aan beide kante was omsetters met 2 W kraguitset en 30 cm skottelantennas.

QSL-BURO BENODIG HULP

Die QSL-buro benodig hulp met die sortering van DX QSL-kaarte. Belangstellende persone skakel asb. 011 675 2393 of stuur e-pos aan admin@sarl.org.za. Enige vrywilligers?

TERUGVOERING OOR DIE WES-KAAPSE NOODKOMMUNIKASIEOEFENING

25 HAMNET-lede in die Wes-Kaap het vir die eerste keer ooit deelgeneem aan die gekombineerde Militêre/Hamnet noodkommunikasieoefening genoemd 'oefening dubbelloop'.

Die oefeningbevelvoerder was Dr. Johan Johnson, ZR1JHN, 2de in bevel van 71 Seineenheid en die deelnemers was opgelei en ingelig deur Vlusersant Pierre Tromp, ZR1PDT, die onderoffisier vir opleiding van 71 Seineenheid.

Die oefening was uitgelê in die wynlandgebied met 'n aardebewing wat wyd verwoesting gesai het. Vier gekombineerde Militêre-/Hamnetroepseine was aangewend in Tulbach, Prince Alfred Hamlet, Worcester en De Doorns, met die oefening aangevoer en beheer deur Brand- en Reddingsoffisiere en die Gesamentlike Operasionele Sentrum geleë in Rawsonville, en ondersteun deur die Taktiese Hoofkwartier, Wes-Kaap.

Die oefening het die ideale platform verskaf vir milirêre seiners en Hamnetlede om sy-aansy op te tree en van mekaar te leer.

Die oefening is ook deur OKOSA gemagtig wat aan die militêre seiners die geleentheid gebied het om onder toesig van radioamateurs amateurfrekwensies vir die duurte van die oefening te gebruik.

Die oefening is ook deur lede van Rampbeheer gemonitor.

Tydens die ontleding na die oefening is gevoel dat in die doelwitte geslaag is en almal kyk met verwagting uit na die volgende gebeurtenis.

AJV VAN DIE OOS-RAND RADIOKLUB

Kennis word hiermee gegee dat die 68ste Algemene Jaarvergadering van die Oos-Rand Radioklub, voorheen die Oos-Rand tak van die SARL, op 20 Augustus 2005 om 14:00 SAT in hul klubhuis in Springs gehou sal word.

Lle mosie moet aan die komitee voorgelê word nie later nie as 13 Augustus 2005. Nominsies vir komiteelede sal verwelkom word. Notice is herewith given of the 68th Annual General Meeting of the East Rand Radio Club (formerly: East Rand Branch of the SARL) on 20 August 2005 at 14:00 SAST, to be held at the Clubhouse in Springs.

All motions should be submitted to the committee no later than 13 August 2005.

ZS1OAR HOU 'N SUKSESVOLLE JAKKALSJAG Op 21 Mei 2005 het die ZS1OAR-klub (Overberg Amateurradioklub) in Hermanus 'n baie geslaagde 'jakkalsjag' gehou en was baie goed ondersteun deur die klublede. Dit was die heel eerste keer dat die klub soiets aangebied het en almal het dit baie geniet.

Ons sê baie geluk aan Johan,ZS1WC, en Doepie, ZS1HK, wat dan ook die 'jakkals' eerste gekry het. Hulle het gebruik gemaak van 'n handstelletjie en 'n leatherman as antenna gebruik wat hulle reguit na die 'jakkals' gelei het.

Spesiale dankie vir Matian, ZS1MAT, Riaan, ZR1RVN, en Doepie, ZS1HK, wat bygedra het om die 'jakkals'te bou.

DAGBOEK VAN GEBEURE

Vanaand 29 Mei - Presidentsnet en Integnet; 31 Mei - Sluitingsdatum vir deel 2 van die 2005 konstruksiekompetisie. 16 Junie - SARL - Jeugdag. 20 Augustus - SARL Tegnologie Opedag 20 Augustus - Oosrand Amateurradioklub AJV

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 SAT te luister na Amateur Radio Mirror International op 17 810, 7 205 en 7 082 kHz en op verskeie herhalers te luister.

Let asb. daarop dat vanaf volgende Sondag, 5 Junie, die frekwensie in die 16 meterband sal verander vanaf 17 810 kHz na 17 565 kHz. Gedurende afgelope tyd is baie steurings op 17 810 ondervind wat die verandering genoodsaak het. Kontroleer asb. die nuwe ferkwensievan 17 565 kHz tydens vandag se uitsending, dit behoort steuringsvry te wees. ‘n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Gustav, ZS6BWN,en George, ZS6NE, en gelees is deur vanuit as ‘n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereeld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending sluit nou en SARLnuus wens u ‘n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX